*Adjunk-visekanselier: Onderrig en Leer*

# RAAMWERK VIR MIKROKWALIFIKASIES

Hierdie raamwerkdokument is bedoel om die verantwoordelike akademiese bestuurders (sien afdeling 5) van leiding te voorsien in die proses en identifikasie van mikro-kwalifikasies (sien definisies in afdeling 3 en variasies van mikrokwalifikasies in afdeling 4). Die toepaslike beginsels is uiteengesit in afdeling 2.

## 1 Die doel van die raamwerk vir mikrokwalifikasies

Die doel van hierdie raamwerk is om die voorwaardes aan te dui waaronder die kredietwaardes vir ŉ mikrokwalifikasie bepaal word om:

a) voldoening aan relevante eksterne en interne regulatoriese vereistes te verseker,

b) te verseker dat daar aan die Universiteit se vereistes voldoen word om sy besigheidsreikwydte te vergroot, en

c) internasionale beste praktyk te verseker.

1.1 Die raamwerk beskryf hoe toesig oor en leiding in die skep, gebruik en bestuur van die NWU se mikrokwalifikasie-aanbod plaasvind.

1.1.1.1 Die raamwerk bied toesig oor die bestuur van alle mikrokwalifikasies van die Universiteit as ŉ sleutelkomponent van die kurrikulumaanbod.

Die raamwerk strook met die Onderrig-, Leer- en Assesseringsbeleid en die Universiteit se Strategie vir Onderrig en Leer.

1.2 In die strewe om die aspirasies van die Universiteit se Onderrig- en Leerstrategie te verwesenlik

1.2.1 beskerm die raamwerk inligting wat deur die Universiteit gegenereer word as ŉ belangrike bate,

lei die raamwerk die implementering van mikrokwalifikasies op ŉ volledig geïntegreerde wyse met die bestaande kurrikulum, met dien verstande dat die besigheidswaarde belyn is met die NWU-strategie om onderrig-leer-innovasie te kommersialiseer om die kurrikulum nader aan werkgewers en werknemers te bring,

1.2.2 help die raamwerk die betrokke besigheidsproses of lynbestuursomgewing; wat ook aandui dat die betrokke lynbestuurder verantwoordelikheid neem vir die bestuur van risiko's en verbandhoudende aangeleenthede binne die betrokke lynfunksie.

1.3 Die raamwerk verseker ook aanspreeklikheid vir die kurrikulumaanbod en verseker die kwaliteit daarvan as deel van die bestaande kurrikulumaanbod van die NWU.

1.3.1 Die raamwerk verseker voldoening aan bestaande kurrikulumvormings-, aanbevelings- en goedkeuringsprosesse; en

Verskaf ŉ roete vir die integrasie en belyning van prosesse wat verband hou met die identifikasie, beskrywing, aanbeveling en goedkeuring van mikrokwalifikasies met betrekking tot bestaande prosesse binne en buite die instansie.

## 2 Beginsels vir die raamwerk vir mikrokwalifikasies

2.1 Die NWU besef die nodigheid vir ŉ gepaste balans tussen buigsaamheid wat voorsiening maak vir mikrokwalifikasies wat die kurrikulum nader aan die wêreld van werk bring.

2.2 Daarom onderskryf die Universiteit die volgende beginsels om die Universiteit se Raamwerk vir Mikrokwalifikasies te rig:

2.2.1 Aanspreeklikheid vir die verbande tussen mikrokwalifikasies en die kwalifikasies (d.w.s. die krediete en die program waarvan dit deel uitmaak) waarvan dit deel is in terme van die programme en kwalifikasies van die Universiteit.

2.2.2 Deursigtigheid met betrekking tot die feit dat die prosesse assosieer met die identifikasie, aanbeveling, en goedkeuring van mikrokwalifikasies sowel as die monitering daarvan.

2.2.3 Die integriteit van ŉ mikrokwalifikasie as ŉ diskreet gedefinieerde komponent van ŉ module wat aan kredietwaarde gekoppel is en waarop die ooreenstemmende studie-ure van toepassing is sodat die Universiteit ŉ redelike en geskikte korrelasie tussen tyd en die gepaardgaande krediete van die mikrokwalifikasie het.

2.2.4 Wat die waardeproposisie van die mikrokwalifikasie betref, glo die Universiteit dat akkurate, tydige en relevante inligting noodsaaklik is om die hoogste gehalte diens te lewer aan geregistreerde studente sowel as niegeregistreerde deelnemers wat vir ŉ mikrokwalifikasie ingeskryf is.

## 3 Definiëring van die mikrokwalifikasie

Terme wat **gebruik** word om mikrokwalifikasies te beskryf, moet eienskappe soos toeganklikheid, buigsaamheid, oordraagbaarheid en stapelbaarheid vasvang. Dit moet sy bydrae tot kurrikulums uitdruk wat in lyn is met die behoeftes van die wêreld van werk en lewenslange leer.

**“Oordraagbaarheid”** verwys na die komponente van ŉ kurrikulum wat oorgedra kan word vir erkenning vir die bereiking van óf ŉ ander kwalifikasie as die een waarvoor ŉ student oorspronklik geregistreer was, óf wat oorgedra kan word en deur ŉ ander instansie erken kan word.[1]

**“Stapelbaarheid”** verwys na daardie leersubkomponente van ŉ kurrikulum wat voorsiening maak vir:

- *horisontale artikulasie* na ander komponente van dieselfde of ander modules wat erken word vir die doeleindes van die akkumulasie van krediete vir ŉ module, of
- *vertikale artikulasie* na ander modules waarbinne die diskrete fokusarea, van die mikrokwalifikasie, pas; of
- *diagonale artikulasie* van één NKR-subraamwerk na ŉ ander (bv. RHO na die QCTO); of
- *sektorale artikulasie,* wat plaasvind waar leer erken word van bv. ŉ besigheid na ŉ universiteit (SAKO).
- Die vier voorwaardes van stapelbaarheid hoef nie gelyktydig in plek te wees vir dit om plaas te vind nie.

**ŉ Mikrokwalifikasie:**

- is ŉ rekord van gefokusde leerprestasie wat verifieer wat die leerder weet, verstaan of kan doen;
- sluit assessering gebaseer op duidelik gedefinieerde standaarde in en word toegeken deur ŉ verskaffer met wie die NWU ŉ ooreenkoms in plek het;
- het selfstandige waarde en kan ook bydra tot ander mikrokwalifikasies of kwalifikasies – of dit aanvul – onder meer deur erkenning van vorige leer; en
- voldoen aan die standaarde wat deur relevante gehalteversekering vereis word.

Met inagneming van bogenoemde, kan ŉ **“mikrokwalifikasie”** vir die Universiteit verder soos volg gedefinieer word:

a) ŉ Mikrokwalifikasie moet kredietdraend wees om aan die bestaande stelsel van krediete (soos gekoppel aan ure) gekoppel te kan word vir die doeleindes daarvan om die kwalifikasie as stapelbaar te erken: met ander woorde, vir die kwalifikasie om met ŉ ander kwalifikasie gekombineer te word en vir die kredietwaarde om gerealiseer te word, moet die kredietwaarde duidelik gestel word.

b) ŉ Mikrokwalifikasie is ŉ deel van ŉ module, of ŉ spesiaal ontwerpte kombinasie van fokusareas wat deur die NWU erken word as potensieel deel van ŉ ander module se vereistes. Modules kan uit mikrokwalifikasies bestaan indien dit formeel goedgekeur word. Modules is leerkomponente; mikrokwalifikasies is module-subkomponente.

c) ŉ Mikrokwalifikasie kan op ŉ koherente wyse met ander dele (subkomponente) van ŉ module gestapel word sodat die volle kredietwaarde van die module toegeken kan word. ŉ Mikrokwalifikasie is dus ŉ diskrete subkomponent (byvoorbeeld ŉ gedefinieerde tydperk van laboratorium-, projek- of temawerk wat lei tot ŉ ander soortgelyk gedefinieerde of afgebakende area van werk, projek of tema).

[1] Binne bestaande regulatoriese wetgewing in hoër onderwys in Suid-Afrika word oordraagbaarheid van modules en krediete geassosieer met beleide rakende die erkenning van vorige leer (EVL), en met kredietakkumulasie en -oordrag (KAO).

ʼn **Leersubkomponent** moet deur die vakgroep gedefinieer word; ʼn bepaalde kredietgewig toegeken word met verwysing na die tyd wat benodig word om die subkomponent te voltooi, en met inagneming van die kredietlading van die module of leerkomponent.[2]

Dit moet duidelik gestel word wat ʼn mikrokwalifikasie **nié** is **nie**:

- ʼn Mikrokwalifikasie is nie ʼn voortgesette onderwyskursus, ʼn kort leerprogram of kortkursus nie, alhoewel dit kenmerke daarvan kan deel ten opsigte van beperkte tydsduur of kredietekwivalensie.
- Mikrokwalifikasies is ook nie deelkwalifikasies nie.

## 4 Onderrigleermodaliteite, en vereistes vir die aanwysing en goedkeuring van mikrokwalifikasies

4.1 Mikrokwalifikasies kan die vorm aanneem van –

4.1.1 asinchrone leer (aanlyn of aflyn): die aanbieding van die kwalifikasie kan m.a.w. die vorm aanneem van onafhanklike, selfgerigte en selfgedrewe leer deur gebruik te maak van vooraf opgeneemde, vooraf opgelaaide module-inhoud, en kan beskou word as ʼn maklik gesegmenteerde subkomponent van deel van ʼn groter module, waarin die kennisoordrag afgebaken word tot ʼn bepaalde onderwerp en selfs vaardigheid (byvoorbeeld die vaardigheid van kennissintese); of

4.1.2 ʼn aangewese deel van sinchrone intydse leer (hetsy in persoon of aanlyn): die kwalifikasie is m.a.w. in staat om die vorm aan te neem van ʼn aktiewe leerervaring in die vorm van die laboratorium-, projek- of werkswinkel-gebaseerde werk wat krediete toegeken as deel van die module en is dus ook ʼn maklik gesegmenteerde komponent of deel van ʼn groter module, waarin die kennisoordrag afgebaken word tot ʼn bepaalde onderwerp en selfs vaardigheid; of

4.1.3 ʼn hibried: byvoorbeeld ʼn teorie-komponent wat aangebied word deur ʼn asinchrone aanlyn modus met ʼn ‘intydse’ leerervaring (wat universiteitsgebaseerde of werkplekleer, of diensleer kan wees).

4.2 Terwyl die Universiteit betekenis heg aan tyd (d.w.s. in die vorm van krediete, maar ook in die vorm van minimum voltooiingstyd), kan die mikrokwalifikasie verskeie krediete werd wees, maar die tempo van leer kan meer buigsaam wees, afhangende van die aard van die kurrikulumontwerp (veral as dit asinchroon sou wees). Gehalteversekering en assessering met betrekking tot die mikrokwalifikasie bly die verantwoordelikheid van die Fakulteitsrade en Dekane. Erkenning van mikrokwalifikasies kan, slegs op aansoek van die student, toegestaan word ooreenkomstig 5 hieronder. Die waarde daarvan lê daarin dat hulle erken word as ʼn diskrete komponent van ʼn module of modules en indien dit suksesvol voltooi is, kan dit gebruik word om (indien so verlang deur ʼn werkgewer of deur ʼn student) te tel vir die bereiking van die volle module, en by implikasie, van die volle kwalifikasie.

4.3 Vereistes en proses vir die aanwys en goedkeuring van ʼn mikrokwalifikasie aan die Universiteit.

4.4 ʼn Mikrokwalifikasie mag nie ʼn waarde hê van meer as die helfte van die gedefinieerde kredietwaarde van ʼn bestaande module wat deur die Universiteit aangebied word nie.

4.4.1 Mikrokwalifikasies moet op die kurrikulumbestuurstelsel vasgelê word teenoor ʼn module.

4.4.2 Die Senaatskomitee vir Akademiese Standaarde moet goedkeuring oorweeg van ʼn module wat uit mikrokwalifikasies bestaan soos aanbeveel deur ʼn fakulteit vir voorlegging aan die Senaat.

## 5 Rolle en verantwoordelikhede m.b.t. mikrokwalifikasies

5.1 *Die Vakleier* van ʼn akademiese groep (bekend as die Vakgroep) van die Universiteit bespreek met die groep die identifikasie van die mikrokwalifikasie en die waarde daarvan vir die Universiteit en die wêreld van werk.

*5.2 Die Programleier. Die Programleier word deur die Vakleier geraadpleeg oor die aanbeveling van die groep. Die Programleier adviseer ook studente/deelnemers wat toelating tot ʼn mikrokwalifikasie wil kry oor die oordraagbaarheid en stapelbaarheid van die mikrokwalifikasie in terme van die Program waarvoor die student of deelnemer (indien ekstern tot, en nie ʼn geregistreerde student, die NWU) wil registreer.*

[2] ʼn Vakgroep is die NWU-ekwivalent van ʼn akademiese departement of dissipline-area. Dit is die basiese akademiese eenheid van onderrigentiteite (Skole en Fakulteite) aan die NWU.

5.3 *Die Skooldirekteur,* of navorsingsentiteitsdirekteur, stel die mikrokwalifikasie aan die Fakulteit se Onderrig-Leer-komitee voor wat die aansoek oorweeg en ŉ aanbeveling (al dan nie) aan die Fakulteitsraad maak.

*5.4 Die Dekaan of aangewese Adjunkdekaan, het ŉ verantwoordelikheid ooreenkomstig die Wet op Hoër Onderwys (101/1997) en die NWU-statuut om hoëgehalteonderrig en leer deur die kurrikulumaanbod van die Universiteit te bevorder. Die Dekaan of aangewese Adjunkdekaan fasiliteer ŉ bespreking van die Fakulteitsraad oor die aanbeveling van die mikrokwalifikasie op ŉ optimale wyse wat sal lei tot ŉ aanbeveling aan SKAS, soos ingedien in die regte formaat, met betrekking tot die goedkeuring van die mikrokwalifikasie en hoe dit met die module verband hou.*

5.5 Die Adjunk-visekanselier Onderrig-Leer is die Voorsitter van die Senaat se Subkomitee oor Akademiese Standaarde. Die Voorsitter van SKAS sal ŉ bespreking van die Fakulteitsraad fasiliteer oor die aanbeveling van die mikrokwalifikasie. Dit moet lei tot ŉ aanbeveling van SKAS aan die Senaat, soos ingedien in die regte formaat, met betrekking tot die goedkeuring van die mikrokwalifikasie as deel van die verslag van SKAS aan die Senaat.

*5.6 NWU-geregistreerde studente en NWU-deelnemers aan mikrokwalifikasies*

5.6.1 Enige geregistreerde student (soos geregistreer deur SALA) of deelnemer (soos geregistreer deur die EVO) kan inskryf vir ŉ mikrokwalifikasie deur die normale aansoek- en toelatingsproses van die Universiteit te volg;

5.6.2 ŉ Geregistreerde student of deelnemer moet toestemming van die betrokke Programleier verkry sodat die oordraagbaarheid en stapelbaarheid van die mikrokwalifikasie vir die student se program bespreek kan word.

5.6.3 Enige persoon, nie ŉ geregistreerde student van die NWU nie, kan as ŉ deelnemer vir ŉ mikrokwalifikasie inskryf mits hy/sy voldoen aan die vereistes vir die program wat deur die NWU aangebied word.

**Aanhangsel**

**1 Die omvang van die raamwerk**

Hierdie raamwerk sluit die volgende in:

1.1 Belanghebbers (studente en die wêreld van werk) se behoeftes sowel as akademiese leiding oor mikrokwalifikasies wat as relevant vir die mark of vir studente aan die Universiteit beskou word;
1.2 Die proses waardeur sodanige prioritisering en besluitneming plaasvind;
1.3 Prestasie en monitering in terme van kapasiteit om mikrokwalifikasies te lewer en die gehalte daarvan te verseker, soos gestel teen die Fakulteit-geïntegreerde Onderrig-Leerplanne, die Universiteit se Onderrig-Leer-strategie en die Onderrig-, Leer- en Assesseringsbeleid en sy reëls;
1.4 Duidelike rolle en verantwoordelikhede vir die identifikasie, aanbeveling, goedkeuring en verwante gehalteversekeringsprosesse en die lynbestuurder wat dit lei;
1.5 Inligtingsrisiko's word behoorlik geassesseer;
1.6 Voldoende en toepaslike rekordhouding deur die relevante gehalteversekeringsprosesse.

**2 Implementeringsprosedures vir mikro-kwalifikasies**

Prosedures soos die volgende moet ontwikkel word soos nodig:

- Regs- en regulatoriese nakomingsprosedures
- Skep en ontvang van inligting
- Berging en argivering van inligting
- Wegdoening van inligting
- Aanvaarbare inhoud-tipes
- Bestuur van die volume inligting
- Digitaliseringsprosedures
- Samewerking en deel van inligting
- Kurrikulumbestuurstelsel

**3 Rigtinggewing**

Statutêre direktiewe soos die volgende stuur die proses waardeur gesonde en doeltreffende inligtingsbestuur deur die NWU gevestig, gehandhaaf en gemoniteer word:

- NWU-statuut (8 Mei 2020)
- Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996
- Wet op Hoër Onderwys, 101, 1997
- Wet op Verbruikersbeskerming, Wet 68 van 2008
- Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, Wet 4 van 2013

- Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies, 25 van 2002
- Wet op Kopiereg van 1978
- Die Hoëronderwys-kwalifikasiesubraamwerk

## 4 Strategieë en planne

Hierdie raamwerk moet gelees word in samehang met onder meer strategiese dokumente soos die volgende:

- NWU-strategie 2015-2025
- NWU se Onderrig-leer-strategie
- Beleid oor Voortgesette Onderwys
- Onderrig-, Leer- en Assesseringsbeleid (om saamgelees te word met die Reëls vir Onderrig, Leer en Assessering)
- Beleid oor Akademiese Integriteit

NWU-inligtingstrategie en Inligtingsbestuursraamwerk

Oorspronklike gegewens: (11664754) C:\Users\11664754\OneDrive - North-West University\Policies\2023\TLA\Raamwerk vir Mikrokwalifikasies.docm
13 April 2023

Verwysingsnommer: 8Pr_8.1_Microcridentials